

# Sport

3 Junie 2018

## Steyn se opmars

### an sukkel-atleet tot Comrades-gunsteling

was in haar skooldae op Othaville in die Vrystaat 'n wafferse atleet nie. Op Sondaggend spring sy vir die Nedbank-atleet Gerda Steyn voor die stadsaal in Pietermaritzburg weg as baie ken-groot gunsteling in die af-tir vroue in vanjaar se wedloop.

Die oud-Kovsie, wat bourekene het, het vroeër vanjaar haar eendagwedloop aange-gryp met 'n oorspronklike oorwinning in die Oseane-wedloop oor die Kaap.

Gerda Steyn se Comrades, wat oor 'n afstand van 90,2 km gehard-loop, sal slegs haar vierde plek in die wedloop behaal.

Die oud-Kovsie, wat bourekene het, het vroeër vanjaar haar eendagwedloop aange-gryp met 'n oorspronklike oorwinning in die Oseane-wedloop oor die Kaap.

Gerda Steyn se Comrades, wat oor 'n afstand van 90,2 km gehard-loop, sal slegs haar vierde plek in die wedloop behaal.

die Comrades wen," het Bester destyds gesê.

Die volgende jaar was sy 14de in haar eerste af-Comrades. Haar tyd van 7 uur en 8 minute was 'n uur en 11 minute vinniger as in 2015.

"'n Gebrek aan ervaring het haar vandag 'n goue medalje (vir die eerste tien atlete) gekos," was toe Bester se verweer.

Haar groot deurbraak het in verlede jaar se op-wedloop van Durban na Pietermaritzburg gekom toe sy in die vierde plek in 6:45 oor die eindstreep op die Scottsville-renbaan gehardloop het.

"Op skool het ek so bietjie gehardloop, maar nie veel reggekry nie. Ek het ook hokkie en netbal gespeel," sê dié vriendelike atleet vandeewee aan *Rapport*.

Sy het die laaste paar jaar in Dubai gewoon, waar haar verloofde, Duncan Ross, as 'n vlieënier vir Emirates Airlines werk.

In Dubai het sy in Januarie



Gerda Steyn hardloop onlangs in die sneeu in die berge in Lesotho ter voorbereiding van volgende Sondag se af-Comrades van Pietermaritzburg na Durban.

| FOTO: DUNCAN ROSS

haar beste tyd van 34 minute en 35 sekondes oor 10 km opgestel. Dit wys sy is vinnig.

Haar beste marathontyd van 2:37:22 het sy in November in Valencia, Spanje, gehardloop.

Die oud-Springbok Elana Meyer, 'n voormalige Olimpiese silwermedaljewenner in die 10 000 m wat al die marathon in 2:25:15 (in Boston) gehardloop het, meen Steyn het die vermoë

om Suid-Afrika op die Olimpiese Spele in die marathon te verteenwoordig as sy haar toespits op die gewone marathonaftand.

"Sy het dit in haar om minstens 'n 2:27-marathon te hardloop," meen Meyer.

Die afgelope paar weke het Steyn tye van 25:38 en 35:26 in 10 km-wedlope in onderskeidelik Randburg en Pretoria gehardloop.

Steyn sê sy weet nog nie in watter tyd sy Sondag by die halfpadkerf (vanjaar net anderkant

Drummond by die Comrades-gedenkmuur op pad Botha's Hill toe) verby wil gaan nie.

"Ek weet dit sal nie maklik wees nie, maar ek hoop ek hardloop die tweede helfte van die wedloop vinniger as die eerste helfte.

"Ek is bang vir die eerste helfte omdat ek weet ek moet myself tot by Drummond terughou.

"Wat ook nogal 'n aanpassing sal wees, is die feit dat ons vanjaar in die Moses Mabhida-stadion (in Durban) klaarmaak en ver-

by Kingsmead (die vorige eindpunt) moet hardloop.

"Daardie laaste paar kilometer so laat in die wedloop op 'n plat pad gaan ons toets nadat ons vroeër bult op en bult af is en jou bene moeg is."